

14 Oktober

(Teks: 17:11-13)

Eksodus 17:8-16

Bid sonder ophou!

As Amalek vir Israel aanval, word al die Israeliete opgeroep om teen die Amalekiete te veg. En terwyl die volk onder Josua veg, klim Moses na die top van 'n heuwel om te bid. Hy staan daar in die gebedshouding van die Israeliete: die oë en hande na die hemel - en in sy hande die kiere van God waarmee hy die see gekloof en die plaë oor Egipte gebring het. Al stry Josua in die vlakte, word die eintlike stryd op die heuwel gestry! Want God wil deur Moses se gebed die oorwinning gee.

Maar wie kan sonder ophou bid? Selfs Moses, die groot voorbidder in die Ou Testament, kon nie volhard nie. Ons lees dat sy arms begin moeg word het. En as sy arms gesak het, het die Amalekiete gewen! Daarom moes Aäron en Hur sy arms ondersteun. En so het Israel oorwin.

Deur Moses se optrede wou die Here vir Israel leer om biddend te veg. En om *nooit* sy biddende vertrouwe op die Here prys te gee nie. Dit wil die Heilige Gees ook vir ons leer. Alleen deur volhardende gebed ontvang ons krag om ons kruis te dra en ons stryd te stry. Maar wie kan volhardend bid sonder om moeg te word? Daarom moet ons – soos Aäron en Hur - mekaar ondersteun deur *vir mekaar* te bid. En vir 'n wêreld in die diepste nood! En daartoe is ons in staat deur ons hemelse Hoëpriester, Jesus Christus, wat vir altyd lewe om vir ons by God in te tree (Hebr. 7:25).

Sing Psalm 127:1 en 2

Dr. CJ. Malan (Emeritus)